DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**6 Junie 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Gen 41: 25 - 44, Rom 8: 18 - 30 |
| **Tema** | Die Heilige Gees bid saam met ons. |
| **Sang** | Psalm 8: 1, 3, 4<br>Skrifberyming 12-4: 1, 2, 3<br>Psalm 119: 39, 40<br>Skrifberyming 14-1: 1, 2<br>Skrifberyming 14-2 |

Ons lees in Spreuke 16: 9 en 33 die volgende: "'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop. Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom". So het Josef dit in sy lewe ondervind. Hy word as jong seun as 'n slaaf deur sy brooers verkoop. Vir ongeveer 16 jaar in sy lewe beleef hy swaarkry. Hy word in die tronk gegooi vir 'n misdaad wat hy nie gepleeg het nie. Op 30 word hy die onderkoning van Egipte. Op daardie stadium die magtigste land in die bekende wêreld. Hoe moet ons dit verstaan? In Romeine 8:26 sê die apostel Paulus dat die Here ons helper is. Hy praat oor die bystand wat die Heilige Gees aan ons in die gebed gee, en sê dan: "Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie."

Ons kan hierdie woorde net reg verstaan, as ons onthou dat Paulus dit sê in 'n gedeelte waar hy praat oor die swakheid en gebrekkigheid wat deel is van ons aardse bestaan. Ons is wel kinders van God, maar duskant die graf smaak ons nog nie die volle verlossing wat Christus vir ons aan die kruis verwerf het nie. Ons is losgekoop tot die ewige lewe, maar ons is nog steeds saam met die hele skepping aan lyding, verganklikheid en agteruitgang onderworpe. Ons word oud, ons word siek, ons lewe word gekenmerk deur leed, ons word daagliks deur talle dinge geïrriteer en gefrustreer, ons ly saam met die ganse skepping onder die gevolge van die sonde. Ons beleef dinge waarvan ons die sin op geen enkele manier kan ontdek nie.

En ons ou sondige natuur het nog steeds soveel houvas op ons, dat ons lewe as kinders van God tot die einde ’n lewe van aanmekaar stryd met baie nederlae bly.

Dit is van hierdie swakheid waarvan die apostel praat as hy sê dat die Gees ons daarin bystaan. Dit doen die Gees enersyds deur ons te herinner aan die beloftes van God dat die hele kosmos alles eenmaal totaal nuut sal word. Trouens, die Gees self wek in ons harte die verlange op na die koms van die koninkryk wanneer die tydelike met die ewige beklee sal word (Rom 8:23). Maar die Gees doen dit ook deur in die gebed vir ons te pleit met woorde wat nie uitgespreek kan word nie. En die rede waarom die Gees dit doen, is dat ons nie self weet wat ons moet bid nie. Ons weet nie wat ons moet bid nie, omdat die lewe so onuitspreeklik ingewikkeld is. Ons kan nie eers na ons eie klein lewetjie omsien en onderskei wat goed of sleg vir ons sal wees nie. Met die pandemie wat deel van ons lewe is, kan ons op die oomblik amper net van week tot week beplan. Hoe kan ons met ons beperkte verstand en insig die toekoms sien en reg bid vir die gebeurtenisse in die wêreld met sy strominge en tendense?

Ons bid in kortsigtigheid dikwels verkeerd. Wat vir ons reg lyk, is nie altyd reg volgens Gods wil en raad nie. As alles sou gebeur soos ons dit van God vra, sou dit chaoties kon wees. Juis daarom hoor ons vandag die troos dat die Gees pleit vir die gelowiges volgens die wil en raad van God. Met en in ons gebede kom ook Sy stem voor God. Hy bid vir ons op ’n wyse wat van ’n totaal ander orde as ons gebede is. Dit skenk ’n onberekenbare waarde aan ons gebed. Hy pleit by God op ’n wyse wat ons tong en taal te bowe gaan. En God wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, en laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet.

Ons moet dit duidelik hoor – Ons is en bly in God se hande. Hy beheer die pandemie en ook die verdere gevolge. Alle mense op aarde is in God se hand en kan slegs doen wat Hy toelaat. Hy beskik alles ten goede elke dag. Vertrou die Here: Hy sien die einde van alles. Mag die Vader van genade ons bewaar en ons aan Hom die eer bring.

# OOG VIR MEKAAR



* Gerda Coetzer is die afgelope week in die hospitaal opgeneem met Covid en is Woensdag oorlede. Ons bid vir haar familie. Haar dogter Mariëtte het saam met haar vir die tweede keer die infeksie opgedoen.

* Ons bid vir Gerhard Maritz wat besig is om te herstel  nadat nog kanker verwyder is. Hy moet oor twee weke vir nog ‘n operasie gaan om verdere verspreiding te verwyder. Mag ons Vader julle in die geloof versterk en vashou op die pad vorentoe.

* Ons is baie dankbaar saam met Gavin en Lana Nel dat hulle van Covid herstel het en weer kan aangaan met hulle werk.

* Ons is dankbaar dat tannie Esther Venter weer aan die gang is na haar operasie. Ons bid haar die seën van die Here toe op haar herstel.

* **Pandemie**: Daar is weer strenger beperkings ingestel. Ons is weer terug na 100 lidmate per erediens. Bespreking vir eredienste is noodsaaklik.

* DV volgende Sondag, 13 Junie, gee ons aan 4 jongmense die geleentheid om openbare belydenis van hulle geloof te doen. Ons gee derhalwe aan hulle familie die geleentheid om eerste te bespreek vir die erediens.

* Ons beplan om op Sondag 20 Junie die sakrament van die Nagmaal te vier. Daar is  beplanning om 2 dienste te hou indien nodig: 09:00 en 11:00. U kan reeds van die week af plek vir die nagmaaldienste bespreek. Daar moet ouderlinge vir toesig en diakens by elke diens wees.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 8 Junie | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 9 Junie | 18:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 9 Junie | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 10 Junie | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 14 Junie | 18:00 | Kerk | Diakens Verg. |
| Woensdae | Tyd sal | bevestig word<br>**(Jongwerkendes** | Bybelstudie<br>**kontak Roelof Venter)** |
| Sondae na | erediens | Gideon De Klerk | Bybelstudie |

# DIAKONIE

Die diakonie wil dan ook ons lidmate vra vir skenkings van lyfroom en lip salf, ons het baie  afgetrede lidmate wat in ouetehuise woon en wat nou met die winter wat hier is die items baie nodig het.

Dan is die diakonie se kos rakke ook leeg, en daarom vra ons skenkings van geblikte en droeë produkte om ons te help om almal wat versorg moet word te kan versorg. Skenkings van sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en 'n "stock" blokkie , kan by die kantoor afgelaai word. Dit kan 'n hele gesin die winter van 'n smaaklike ete voorsien.

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*



*Verbly julle in die hoop;*

*staan vas in verdrukking;*

*volhard in gebed.*

*Romeine 12: 12*



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 6 Jun | Francois Hoogendyk | 8 | D | 084 802 3323 |
| Ma 7 Jun | Carmi De Witt<br>Braam Schutte<br>Chris Van Der Walt | 5<br>40<br>20 | D<br>B<br>B | 084 513 8300<br>082 813 3887<br>082 822 6328 |
| Wo 9 Jun | Lacya Grobler<br>Jeandre Nel | 62<br>15 | B<br>D | 082 695 1390<br>083 739 6152 |
| Vr 11 Jun | Chandré Olivier | 29 | B | 073 954 3535 |
| Sa 12 Jun | Natie Steynberg | 52 | B | 079 690 4461 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 8 Jun 2019 | Peet & Leoné Oosthuizen | 2 | 083 779 5395<br>073 057 0870 |

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderlinge en diaken:

**Ouderlinge:**
Martin Erasmus
Flippie Hoogendyk
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter

# KONSISTORIEDIENSBEURTE

**Diensbeurt:** Wyk B1

**Katkisasie:**

**Ouderling:** Jan Hoogendyk

**Diaken:** Chris Botha

# TEESKINKBEURTE

**6 Junie**


GEEN koffie of tee sal bedien word na die erediens nie


**13 Junie 2021**

Geen koffie of tee sal bedien word na die erediens nie.




**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
JAN
FEB
MRT
APR
R 9 420.00
R 25 297.05
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*
1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*
R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*

*Romeine 8: 26—28*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS